

19 Mei

Skrifgedeelte: Rigters 17 en 18

Fokusgedeelte: Rigters 17:13

Eiewillige godsdiens bederf die volk van God

Ons het hier met die klimaks van die boodskap van die boek Rigters te doen: As die godsdienstige leiers, die Leviëte, nie daarin slaag om die ware Man van Israel (die Here) aan die bruid (sy verbondsvolk) voor te hou nie, sal die bruid agter vreemde mans aan hardloop.

Die ware godsdiens in Israel verval onder die swak leiding van die Leviëte. Dit word 'n eiewillige godsdiens. Die verhaal van Miga wat sy ma se silwer steel en sy ma wat haar vloek ongedaan probeer maak deur 'n afgodsbeeld te laat maak, is 'n afbeelding van Israel se korrupte eiewillige godsdiens. Miga gaan nog verder: hy maak meer afgodsbeelde en stel selfs sy eie priester in sy eie heiligdom aan! Hierdie eiewillige godsdiens bederf die hele volk. Die mense van die stam Dan wat hulle eie grondgebied verloor het, soek nou nuwe woonplek. Hulle beroof Miga van sy heiligdom en val daarna op 'n lafhartige manier vredeliewende mense aan en vat hulle stad en grondgebied.

Hierdie eiewilligheid maak van die verbondsvolk rowers en boewe wat in die waan verkeer dat hulle die Here dien. Waar het die probleem ontstaan? By gebrekkige verbondsonderrig aan die kinders en 'n eiewillige godsdiens. As jy God op jou eie manier probeer dien en Hom by jou behoeftes wil laat aanpas, word jy uiteindelik goddeloos. Jy kan net 'n navolger van Jesus Christus wees as jy jou eie lewe om sy ontwil verloor!

Sing: Psalm 73:12

Ds DJ de Kock (Pietersburg-Suid)